Patient information leaflet

Scheduling status
Schedule 0

Proprietary name, strength and pharmaceutical form

Traumeel® S Ointment / Salf

Pasiënt-inligtingstuk 081280/5002/ZA

Skeduleringstatus
Skedule 0

Handelsnaam, sterkte en farmaseutiese vorm

Read all of this leaflet carefully because it contains important information for you.
Traumeel® S is available without a doctor's prescription, for you to treat a mild illness.
Nevertheless you still need to use Traumeel® S carefully to get the best results from it.
- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- Do not share Traumeel® S with any other person.
- Ask your pharmacist if you need more information or advice.
- You must see a doctor if your symptoms worsen or do not improve.

1. What Traumeel® S contains

For each 10 g of ointment:
The active substances are: Achillea millefolium Ø 0.009 g, Aconitum napellus D1 0.005 g, Arnica montana D3 0.150 g, Atropa bella-donna D1 0.005 g, Bellis perennis Ø 0.010 g, Calendula officinalis Ø 0.045 g, Echinacea Ø 0.015 g, Echinacea purpurea Ø 0.015 g, Hamamelis virginiana Ø 0.045 g, Hepar sulfuris D6 0.003 g, Hypericum perforatum D6 0.009 g, Matricaria recutita Ø 0.015 g, Mercurius solubilis Hahnemanni D6 0.004 g, Symphytum officinale D4 0.010 g.
The other ingredients are: Cetostearyl alcohol (type A) emulsifying; ethanol (96 per cent); paraffin, liquid; paraffin, white soft; water, purified. Preservative: 13.8 % v/v ethyl alcohol.

2. What Traumeel® S is used for

Pharmacological classification: D. 33.2. Homeopathy.
Discipline of the medicine: Homeopathy

Traumeel® S is prepared in accordance with homeopathic principles and is proposed for the treatment of sprains, strains, fractures, post-operative and post-traumatic swelling of soft tissues, inflammation of various organs and tissues, including, in particular, the musculoskeletal system e.g. tenosynovitis, bursitis, styloiditis, epicondylitis, periarthritis, arthrosis.

3. Before you use Traumeel® S

Do not use Traumeel® S:
- if you are hypersensitive (allergic) to
  - the active substance or any of the other ingredients of Traumeel® S
  - the plants of the daisy (compositae) family (e.g. Arnica, Chamomilla, Achillea millefolium).

Pregnancy and breastfeeding:
If you are pregnant or breastfeeding your baby please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice before taking this medicine.

Important information about some of the ingredients of Traumeel® S:
Preservative: 13.8 % v/v ethyl alcohol.

Taking other medicines with Traumeel® S:
If you are taking other medicines on a regular basis, including complementary or traditional medicines, the use of Traumeel® S with these medicines may cause undesirable interactions.
Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicine.

4. How to use Traumeel® S

Do not share medicines prescribed for you with any other person.
Always use Traumeel® S exactly as your doctor has instructed you. You should check with your doctor or pharmacist if you are unsure.
The usual dose is:
Adults, children and infants: apply ointment generously to the affected area 2 to 3 times daily.
Traumeel® S should be rubbed gently into the skin. Traumeel® S may be applied using mild compression bandaging and/or occlusive bandaging.
Sufficient ointment should be applied to cover the affected area, but should not be applied over large areas. Avoid contact with eyes, mucosae, open wounds or broken skin.

If you use more Traumeel® S than you should:
Due to the low concentration of active ingredients in homeopathic preparations such as Traumeel® S, adverse reactions following over dosage are extremely unlikely. However, care must be taken not to exceed the recommended dosage.

In the event of over dosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, seek help at the nearest hospital or poison control centre.

If you forget to use Traumeel® S:
Do not take a double dose to make up for forgotten individual doses.

5. Possible side effects

Traumeel® S can have side effects.
Hypersensitivity reactions may occur in individual cases. Local allergic reactions (cutaneous inflammation, redness, swelling and pruritus) have been reported. In this case the product should be discontinued.

Not all side effects reported for Traumeel® S are included in this leaflet.

Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking this medicine, please consult your doctor, pharmacist or other healthcare professional for advice.

If you notice any side effects not mentioned in this leaflet, please inform your doctor or pharmacist.

6. Storing and disposing of Traumeel® S

Keep all medicines out of the reach and sight of children.
- Store in a cool (below 25 °C) place.
- Replace cap tightly.

7. Presentation of Traumeel® S

Tubes containing 25 g, 50 g and 100 g of ointment.

8. Identification of Traumeel® S

White ointment.

9. Registration number / Reference number

U 5684 (Act 101/1965)

10. Name and business address of the holder of the certificate of registration

ModHomCo (Pty) Ltd
96 Amsterdam Street, Clubview, 0157 Centurion

11. Date of publication

March 2024

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety or intended use.

Lees die hele inligtingstuk noukeurig aangesien dit belangrike inligting bevat.
Traumeel® S is sonder 'n doktersvoorskrif beskikbaar om 'n ligte siektetoestand te behandel.
Nogtans sal u Traumeel® S versigtig moet gebruik om die beste resultate te kry.
- Hou hierdie inligtingstuk. Dit mag dalk nodig wees om dit weer te lees.
- Moenie Traumeel® S met enige ander persoon deel nie.
- Vra u apteker indien meer inligting of advies benodig word.
- Raadpleeg 'n geneesheer indien u simptome vererger of nie verbeter nie.

1. Wat Traumeel® S bevat

Vir elke 10 g salf:
Die aktiewe bestanddele is: Achillea millefolium Ø 0.009 g, Aconitum napellus D1 0.005 g, Arnica montana D3 0.150 g, Atropa bella-donna D1 0.005 g, Bellis perennis Ø 0.010 g, Calendula officinalis Ø 0.045 g, Echinacea Ø 0.015 g, Echinacea purpurea Ø 0.015 g, Hamamelis virginiana Ø 0.045 g, Hepar sulfuris D6 0.003 g, Hypericum perforatum D6 0.009 g, Matricaria recutita Ø 0.015 g, Mercurius solubilis Hahnemanni D6 0.004 g, Symphytum officinale D4 0.010 g.
Die ander bestanddele is: Emulsifiserende cetostearielalkohol (tipe A); etanol (96 persent); vloeibare paraffien; sagte wit paraffien; gesuiwerde water. Preserveermiddel: 13.8 % v/v etielalkohol.

2. Waarvoor Traumeel® S gebruik word

Farmakologiese klassifikasie: D. 33.2. Homeopatie.
Dissipline van die medisyne: Homeopatie

Traumeel® S is voorberei volgens homeopatiese beginsels en word aangedui vir die behandeling van alle tipes verstuitings, ontwrigtings, kneusings en frakture, post-operatiewe en post-traumatiese swelling van sagte weefsel, inflammasie van verskeie organe en weefsel, in die besonder, die muskuloskeletale stelsel bv. tenosynovitis, bursitis, stiloiditis, epikondilitis, periartritis en artrose.

3. Voordat u Traumeel® S gebruik

Moenie Traumeel® S gebruik:
- indien u sensitief (allergies) is vir
  - die aktiewe bestanddele of enige van die ander bestanddele van Traumeel® S
  - die plante van die daisie (madeliefie) (compositae) familie (b.v. Arnica, Kamomille, Achillea millefolium).

Swangerskap en borsvoeding:
Indien u swanger is of u baba borsvoed, raadpleeg u geneesheer, apteker of ander gesondheidsorgwerker vir advies voordat u hierdie medisyne neem.

Belangrike inligting omtrent sekere van die bestanddele van Traumeel® S:
Preserveermiddel: 13.8 % v/v etielalkohol.

Die neem van ander medisyne met Traumeel® S:
Indien u enige ander medisyne op 'n gereelde grondslag neem, ingesluit komplimentêre of tradisionele medisyne, mag die gebruik van Traumeel® S ongewenste interaksies tot gevolg hê. Stel altyd u professionele gesondheidsorgwerker in kennis indien u enige ander medisyne neem.

4. Hoe om Traumeel® S te gebruik

Moenie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.
Gebruik Traumeel® S altyd presies soos dit deur u geneesheer voorgeskryf is. Kontroleer met u geneesheer of apteker indien u onseker is.
Die gewone dosis is: Volwassenes, kinders en babas: Wend die salf 2 tot 3 maal per dag mildelik aan die geaffekteerde area aan.
Traumeel® S moet liggies in die vel ingevryf word. Traumeel® S mag aangewend word deur gebruik te maak van ligte kompressieverbande en/of okklusiewe verbande. Genoegsame salf moet aangewend word om die geaffekteerde area te bedek maar moet nie oor groot areas aangewend word nie. Vermy kontak met die oë, slymvliese, oop wonde of stukkende vel.

Indien u meer Traumeel® S neem as wat u moet:
As gevolg van die lae konsentrasie van die aktiewe bestanddele in homeopatiese preparate soos Traumeel® S, is ongunstige reaksies na oordosering uiters onwaarskynlik. Sorg moet egter geneem word om nie die aanbevole dosis te oorskry nie.

In die geval van oordosering moet u geneesheer of apteker geraadpleeg word. Indien nie een van hulle beskikbaar is nie moet u die naaste hospitaal of gifbeheersentrum kontak.

Indien u vergeet om Traumeel® S te gebruik:
Moenie 'n dubbeldosering gebruik om voorsiening te maak vir die individuele dosis wat u nie gebruik het nie.

5. Moontlike newe-effekte

Traumeel® S kan newe-effekte hê.
Hypersensitiwiteitsreaksies mag in individuele gevalle voorkom. Plaaslike allergiese reaksies (velinflammasie, rooiheid, swelling en pruritis) is gerapporteer. In hierdie geval moet gebruik van die produk onmiddellik gestaak word.

Nie alle newe-effekte wat vir Traumeel® S gerapporteer is word in hierdie inligtingstuk ingesluit nie.

Indien u algemene gesondheid versleg of indien u enige newe-effekte ondervind terwyl u hierdie medisyne gebruik, raadpleeg u geneesheer, apteker of ander professionele gesondheidswerker vir advies.

Indien u enige newe-effekte opmerk wat nie in hierdie inligtingstuk genoem word nie, raadpleeg u geneesheer of apteker.

6. Opberging van en beskikking oor Traumeel® S

Hou alle medisyne buite die bereik en sig van kinders.
- Bêre in 'n koel (onder 25 °C) plek.
- Plaas proppie styf terug.

7. Aanbieding van Traumeel® S

Buise bevattende 25 g, 50 g and 100 g salf.

8. Identifikasie van Traumeel® S

Wit salf.

9. Registrasienommer / Verwysingsnommer

U 5684 (Wet 101/1965)

10. Naam en besigheidsadres van die houer van die registrasiesertifikaat

ModHomCo (Edms) Bpk
Amsterdamstraat 96, Clubview, 0157 Centurion

11. Datum van publikasie

Maart 2024

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

-Heel

Professional Information

Professionele Inligting

Traumeel® S Ointment / Salf

1. Scheduling status

Schedule 0

2. Proprietary name and dosage form

Traumeel® S Ointment

3. Composition

Each 10 g of ointment contains as active ingredients: Achillea millefolium Ø 0.009 g, Aconitum napellus D1 0.005 g, Arnica montana D3 0.150 g, Atropa bella-donna D1 0.005 g, Bellis perennis Ø 0.010 g, Calendula officinalis Ø 0.045 g, Echinacea Ø 0.015 g, Echinacea purpurea Ø 0.015 g, Hamamelis virginiana Ø 0.045 g, Hepar sulfuris D6 0.003 g, Hypericum perforatum D6 0.009 g, Matricaria recutita Ø 0.015 g, Mercurius solubilis Hahnemanni D6 0.004 g, Symphytum officinale D4 0.010 g.
Excipients: Cetostearyl alcohol (type A), emulsifying; ethanol (96 per cent); paraffin, liquid; paraffin, white soft; water, purified.
Preservative: 13.8 % v/v ethyl alcohol.

4. Pharmacological classification

D. 33.2. Homeopathy.

5. Pharmacological action

Action based on homeopathic principles.

6. Indications

Traumeel® S is prepared in accordance with homeopathic principles and is proposed for the treatment of sprains, strains, fractures, post-operative and post-traumatic swelling of soft tissues, inflammation of various organs and tissues, including, in particular, the musculoskeletal system e.g. tenosynovitis, bursitis, styloiditis, epicondylitis, periarthritis, arthrosis.

7. Contraindications

Hypersensitivity to one or more of the ingredients, including plants of the daisy family (Asteraceae) such as Arnica montana (arnica), Calendula officinalis (pot marigold), Chamomilla recutita (chamomile), Echinacea (coneflower), Achillea millefolium (yarrow), Bellis perennis (daisy).

8. Warnings and special precautions

8.1 Warnings

Traumeel® S should not be administered for pain for more than 10 days for adults or 5 days for children unless directed by a medical practitioner. If pain persists or worsens, if new symptoms occur, or if redness or swelling is present, the patient should consult a medical practitioner because these could be signs of a serious condition. Traumeel® S should not be administered to children for the pain of arthritis unless directed by a medical practitioner.

8.2 Special precautions

Information for patients:
No harmful or potentially hazardous side effects such as central nervous system depression are known. Traumeel® S is generally well-tolerated.
Cetylstearyl alcohol may cause local skin reactions (e.g. contact dermatitis). Avoid contact with eyes, mucosae, open wounds or broken skin.

Carcinogenesis:
No studies have been performed to evaluate the carcinogenicity of Traumeel® S. In worldwide post-marketing surveillance studies no evidence of carcinogenicity has been found (1).

Paediatric use:
Traumeel® S can be safely administered to infants and children (see Dosage and directions for use).

9. Interactions

No interactions have been reported, and none are expected due to the homeopathic dilutions and external use.

10. Pregnancy and lactation

10.1 Pregnancy

In general, medications such as Traumeel® S that are classified as homeopathic are not known to cause direct or indirect harm to the fetus. However, animal reproduction studies have not been performed and there are no well-controlled studies in pregnant women. In cases of pregnancy or suspected pregnancy, a medical practitioner should be consulted before administering Traumeel® S.

10.2 Lactation

It is not known whether any of the ingredients in Traumeel® S are excreted in human milk.
However, because many drugs are excreted in human milk, Traumeel® S should be administered with caution to nursing mothers.

11. Dosage and directions for use

For external use only.
Avoid contact with eyes, mucosae, open wounds or broken skin. Apply to the affected parts 1-2 times daily, or more often if necessary. Traumeel® S may be applied using mild compression bandaging and/or occlusive bandaging. Replace cap tightly. Do not use on open wounds.

12. Side effects

General:
Adverse effects with Traumeel® S are extremely rare. Traumeel® S exhibits no known adverse renal, hepatic, cardiovascular, gastrointestinal or central nervous system effects.

Adverse reactions:
In rare cases, patients with hypersensitivity to botanicals of the Compositae family may experience an allergic reaction after oral, topical or parenteral administration of Traumeel® S, (after parenteral administration anaphylactic reaction can occur). Traumeel® S ingredients of the Compositae family are:
Arnica montana (mountain arnica), Calendula officinalis (calendula), Achillea millefolium (milfoil), Chamomilla recutita (chamomile), Bellis perennis (daisy), Echinacea angustifolia (narrow-leafed cone flower), Echinacea purpurea (purple cone flower).

Side effects:
Hypersensitivity reactions may occur in individual cases. Local allergic reactions (cutaneous inflammation, redness, swelling and pruritus) have been reported. In this case the product should be discontinued.

13. Known symptoms of overdosage and particulars of its treatment

Due to the low concentration of active ingredients in homeopathic preparations such as Traumeel® S, adverse reactions following overdosage are extremely unlikely. However, care must be taken not to exceed the recommended dosage.

14. Identification

White ointment.

15. Presentation

Tubes containing 25 g, 50 g and 100 g of ointment.

16. Storage instructions

Store in a cool (below 25 °C) place beyond the reach of children. Replace cap tightly.

17. Registration number

U 5684 (Act 101/1965)

18. Name and business address of the holder of the certificate of registration

ModHomCo (Pty) Ltd
96 Amsterdam Street, Clubview, 0157 Centurion
Manufactured in Germany.

19. Date of publication of the professional information

March 2024

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety or intended use.

References:
(1) Wagner, H: Untersuchungsbericht über immunologische und enzymchemische Wirknachweise durchgeführt mit dem Injektionspräparat Traumeel®. 1986, not published. Data on file, Heel GmbH, Baden-Baden, Germany.
(2) Zell J, Connert WD, Mau J, Feuerstake G. Treatment of Acute Sprains of the Ankle: A Controlled Double-blind Trial to Test the Effectiveness of a Homeopathic Ointment. Biological Therapy VII, No. 1: 1-6, 1989.
(3) Bohmer D, Ambrus P. Treatment of Sports Injuries with Traumeel Ointment: A Controlled Doubleblind Study with Traumeel Ointment for Treatment of Sports Injuries. Biological Therapy X, No. 4: 290-300, 1992.

1. Skeduleringstatus

Skedule 0

2. Handelsnaam en doseervorm

Traumeel® S Salf

3. Samestelling

Elke 10 g salf bevat as aktiewe bestanddele: Achillea millefolium Ø 0.009 g, Aconitum napellus D1 0.005 g, Arnica montana D3 0.150 g, Atropa bella-donna D1 0.005 g, Bellis perennis Ø 0.010 g, Calendula officinalis Ø 0.045 g, Echinacea Ø 0.015 g, Echinacea purpurea Ø 0.015 g, Hamamelis virginiana Ø 0.045 g, Hepar sulfuris D6 0.003 g, Hypericum perforatum D6 0.009 g, Matricaria recutita Ø 0.015 g, Mercurius solubilis Hahnemanni D6 0.004 g, Symphytum officinale D4 0.010 g.
Bymiddels: Emulsifiserende cetostearielalkohol (tipe A); etanol (96 persent); vloeibare paraffien; sagte wit paraffien; gesuiwerde water.
Preserveermiddel: 13.8 % v/v etielalkohol.

4. Farmakologiese klassifikasie

D. 33.2. Homeopatie.

5. Farmakologiese werking

Werking gebaseer op homeopatiese beginsels.

6. Indikasies

Traumeel® S is voorberei volgens homeopatiese beginsels en word aangedui vir die behandeling van alle tipes verstuitings, ontwrigtings, kneusings en frakture, post-operatiewe en post-traumatiese swelling van sagte weefsel, inflammasie van verskeie organe en weefsel, in die besonder, die muskuloskeletale stelsel bv. tenosynovitis, bursitis, stiloiditis, epikondilitis, periartritis en artrose.

7. Kontra-indikasies

Hipersensitiwiteit vir een of meer van die bestanddele, insluitend plante van die madeliefiefamilie (Asteraceae) soos Arnica montana (arnica), Calendula officinalis (goudsblom), Chamomilla recutita (kamille), Echinacea (keëlblom), Achillea millefolium (duisendblad), Bellis perennis (madeliefie).

8. Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls

8.1 Waarskuwings

Traumeel® S moet nie vir langer as 10 dae vir volwassenes en 5 dae vir kinders vir pyn gebruik word tensy anders deur 'n mediese praktisyn voorgeskryf is nie. Indien pyn voortduur of vererger, indien nuwe simptome voorkom of as rooiheid of swelling teenwoordig is, moet die pasiënt 'n mediese praktisyn raadpleeg aangesien hierdie tekens van 'n ernstige toestand kan wees. Traumeel® S moet nie in kinders vir artritispyn gebruik word nie, tensy deur 'n mediese praktisyn voorgeskryf.

8.2 Spesiale voorsorgmaatreëls

Inligting vir pasiënte:
Geen skadelike of potensieel gevaarlike newe-effekte soos sentraal senuweestelsel onderdrukking is bekend nie. Traumeel® S word in die algemeen goed verdra.
Setielstearielalkohol mag plaaslike velreaksies (b.v. kontakdermatitis) veroorsaak. Vermy kontak met die oë, slymvliese, oop wonde of stukkende vel.

Karsinogenese:
Geen studies is uitgevoer om die karsinogenisiteit van Traumeel® S te evalueer nie. In wêreldwye na-bemarkings toesigstudies is geen getuienis van karsinogenisiteit gevind nie (1).

Pediatriese gebruik:
Traumeel® S kan met veiligheid aan kinders en babas toegedien word (sien Dosering en gebruiksaanwysings).

9. Interaksies

Geen interaksies is aangemeld nie en as gevolg van die homeopatiese verdunnings en uitwendige gebruik, word geen interaksies verwag nie.

10. Swangerskap en borsvoeding

10.1 Swangerskap

In die algemeen is medikasies soos Traumeel® S wat as homeopaties geklassifiseer is nie daarvoor bekend om direkte of indirekte skade aan die fetus te veroorsaak nie. Nogtans is diere-reproduksiestudies nie uitgevoer nie en daar bestaan geen goed-gekontroleerde studies in swanger vroue nie. In gevalle van swangerskap of vermoede swangerskap moet 'n mediese praktisyn voor die gebruik van Traumeel® S geraadpleeg word.

10.2 Borsvoeding

Dit is onbekend of enige van die bestanddele van Traumeel® S in menslike melk uitgeskei word. Omdat baie geneesmiddels in menslike moedersmelk uitgeskei word moet Traumeel® S met sorg in borsvoedende moeders gebruik word.

11. Dosering en gebruiksaanwysings

Slegs vir eksterne gebruik.
Vermy kontak met oë, slymvliese, oop wonde of stukkende vel. Wend aan die geaffekteerde dele 1-2 maal per dag, of meer dikwels indien nodig. Traumeel® S kan met 'n ligte kompressieverband en/of okklusiewe verbande toegedien word. Plaas proppie styf terug. Moenie op oop wonde gebruik nie.

12. Newe-effekte

Algemeen:
Nadelige effekte met Traumeel® S is uiters skaars. Traumeel® S vertoon geen nadelige renale, hepatiese, kardiovaskulêre, gastro-intestinale of sentraal-senuweestelsel effekte nie.

Nadelige reaksies:
Pasiënte met hipersensitiwiteit vir plante van die Compositae familie mag in uiters seldsame gevalle 'n allergiese reaksie ondervind na orale, plaaslike of parenterale toediening van Traumeel® S, (na parenterale toediening kan anafilaktiese reaksies voorkom). Bestanddele van die Compositae familie in Traumeel® S is:
Arnica montana (berg arnica), Calendula officinalis (kalendula), Achillea millefolium (millefolium), Chamomilla recutita (kamomille), Bellis perennis (daisie, madeliefie), Echinacea angustifolia (smalblaar keëlblom), Echinacea purpurea (pers keëlblom).

Newe-effekte:
Hipersensitiwiteitsreaksies mag in individuele gevalle voorkom. Lokale allergiese reaksies (kutane inflammasie, rooiheid, swelling en pruritis) is gerapporteer. In hierdie geval moet gebruik van die produk gestaak word.

13. Bekende simptome van oordosering en besonderhede van die behandeling daarvan

As gevolg van die lae konsentrasies van aktiewe bestanddele in homeopatiese preparate soos Traumeel® S, is nadelige reaksies na oordosering uiters onwaarskynlik. Nogtans moet daarteen gewaak word om nie die aanbevole dosis te oorskry nie.

14. Identifikasie

Wit salf.

15. Aanbieding

Buise bevattende 25 g, 50 g en 100 g salf.

16. Opbergingsinstruksies

Bêre in 'n koel (onder 25 °C) plek buite bereik van kinders. Plaas proppie styf terug.

17. Registrasienommer

U 5684 (Wet 101/1965)

18. Naam en besigheidsadres van die houer van die registrasiesertifikaat

ModHomCo (Edms) Bpk
Amsterdamstraat 96, Clubview, 0157 Centurion
Vervaardig in Duitsland.

19. Datum van publikasie van hierdie voubiljet

Maart 2024

Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir kwaliteit, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.

Verwysings:
(1) Wagner, H: Untersuchungsbericht über immunologische und enzymchemische Wirknachweise durchgeführt mit dem Injektionspräparat Traumeel®. 1986, not published. Data on file, Heel GmbH, Baden-Baden, Germany.
(2) Zell J, Connert WD, Mau J, Feuerstake G. Treatment of Acute Sprains of the Ankle: A Controlled Double-blind Trial to Test the Effectiveness of a Homeopathic Ointment. Biological Therapy VII, No. 1: 1-6, 1989.
(3) Bohmer D, Ambrus P. Treatment of Sports Injuries with Traumeel Ointment: A Controlled Doubleblind Study with Traumeel Ointment for Treatment of Sports Injuries. Biological Therapy X, No. 4: 290-300, 1992.

-Heel